## PJ Kriel Roudiens: Dr. André van der Walt 17.01.2015

## 1. Ps. 42 verse 1,4,5 (602)

## Skriflesing: Ps. 105

*"Loof die Here! Roep Hom aan! Maak aan die nasies bekend wat Hy gedoen het. [2]Sing liedere, sing tot sy eer, vertel van al sy magtige dade. [3]Roem sy heilige Naam, laat dié wat die teenwoordigheid van die Here soek, bly wees. [4]Soek hulp en beskerming by die Here, soek gedurig sy teenwoordigheid. [5]Julle moet dink aan die magtige dade wat Hy gedoen het, aan sy wonders, aan die reddingsdade op sy bevel, [6]julle, nageslag van Abraham sy dienaar, nakomelinge van Jakob vir wie Hy uitverkies het. [7]Hy, die Here, is ons God; sy reddingsdade strek oor die hele aarde. [8]Hy hou sy verbond altyd in stand, die belofte wat Hy aan duisende geslagte toegesê het, [9]die verbond wat Hy met Abraham gesluit het, sy eed aan Isak. [10]Hy het dit vir Jakob bevestig as 'n vaste toesegging, vir Israel as verbond wat altyd sal bestaan. [11]Hy het gesê: "Ek gee Kanaän vir jou as grondgebied en eiendom." [12]Toe hulle nog maar min was, net 'n paar mense, en vreemdelinge in die land, [13]toe hulle van volk na volk geswerf het, van die gebied van die een volk na dié van 'n ander, [14]het Hy niemand toegelaat om hulle te verdruk nie, en het Hy selfs konings ter wille van hulle gewaarsku:[15]"Moenie aan my gesalfdes raak nie, moenie my profete kwaad aandoen nie!"*

## Efesiërs 1:

*"[6]Daarom moet ons God prys vir sy wonderlike genade wat Hy in die Geliefde vrylik aan ons geskenk het. [7]Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God [8]wat Hy in al sy wysheid en insig so oorvloedig aan ons geskenk het. [9]Hy het kragtens sy besluit en voorneme die geheimenis van sy wil aan ons bekend gemaak [10]en dit deur Christus tot uitvoering gebring op die tyd wat Hy daarvoor bepaal het. Sy bedoeling was om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik onder Christus… [14]Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos. Daarom moet ons sy grootheid prys."*

## 2. Lied. 280: 1,2,3. (510)

**PJ Kriel Roudiens: Dr. André van der Walt 17.01.2015**

Inhoud Hierdie preek stel die verskil aan die ore van wie ons as mense dink en voel ons is teenoor wie God ons vir hom as Here laat wees. Die mens se waarde lê en kan nie gevind word in wie ons in en met mekaar is nie. Die waarde van ons menswees gaan oor dat ons aan God behoort en Hy ons in sy raadsplan altyd meer en anders laat wees as wat ons self kan dink en voel. Daarom kan ook die dood ons nie definieer vir wie ons is en wat ons lewe beteken nie. Wie Christus ons altyd vir God laat wees bepaal wie ons is. Daarom kan die wyse waarop ons doodgaan ook nie wat ons vir God beteken verlore laat gaan nie.

**Skriflesing: Psalm 105:1-15**

**Teks: Psalm 105:** ***"8 Hy hou sy verbond altyd in stand, die belofte wat Hy aan duisende geslagte toegesê het."***

**en Efe.1:** ***"14 Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het"***

**Tema: God laat ons altyd in Sy verbondstrou meer wees as wat ons van onsself dink, voel en glo.**

**1.** Ons as mense is altyd besig om onsself in verhoudings en in ons werk te definieer: ons probeer onsself vind in die verhoudings met die mense om ons: ouers probeer hulleself vind in hulle kinders, en kinders in hulle ouers; geliefdes en getroudes in mekaar.

Ons as mense is ook die hele tyd besig om onsself te probeer vind in werk: in ons werk voel ons onsself en sien ons onsself as betekenisvol en van waarde.

Die Bybel openbaar vir ons iets anders: wie ons is, is wie God in Sy verbond onderneem om ons te laat wees, ongeag, en baiekeer in teenstelling met, wat ons van onsself dink, hoe ons onsself sien, hoe ons oor onsself voel en wat ons van onsself glo.

En baie kere in teenstelling met hoe ons onsself sien in die werk wat ons doen, en wie ons deur ons werk glo ons is.

**2.** Wie die Here in Sy verbondsonderneming Abraham laat wees,

teenoor

hoe Abraham homself sien, oor homself voel, van homself dink en glo, wys hierdie verskil duidelik uit.

As jy na Abraham gekyk het in sy tyd, tussen die mense met wie hy geleef het en die werk wat hy gedoen het, dan was hy 'n nomadiese boer wat met donkies, skape en bokke uit Irak uit weggetrek het, al langs die groot riviere van die Midde-Ooste, tot binne-in Palestina.

Gemeet aan sy eie gemeenskap, was hy ’n immigrant wat dit waarskynlik nie as sakeman in sy eie gemeenskap in Irak kon maak nie, en daarom geen gemeenskapsleier of invloedryke persoon in sy eie gemeenskap kon gewees het nie.

**3.** Gemeet aan die vreemde volke en nasies tussen wie hy met sy donkies, skape en bokke rondgetrek het, was hy ’n vreemdeling en ’n buitestaander, wat op welwillendheid en genade van ander mense in hulle land moes rondtrek agter weiding en water vir sy diere aan, besig om vir homself as vreemdeling net ’n eie heenkome te probeer vind.

Die Psalmskrywer stel hierdie sosiaal minderwaardige posisie so: *“12Toe hulle nog maar min was, net ’n paar mense, en vreemdelinge in die land, 13toe hulle van volk na volk geswerf het, van die gebied van die een volk na dié van ’n ander…”*

**4.** Abraham het homself verskeie kere probeer vind en as mens definieer in hierdie verhouding van vreemdeling en enkeling tussen ander.

Dit was die rede hoekom hy, toe hy in Egipte was, sy vrou as sy suster voorgehou het sodat die magtige Egiptiese amptenare hom nie sou doodmaak, soos volgens sy eie mening van wie en wat hy eintlik in sy onbeduidendheid tussen hierdie magtige mense sou wees nie.

**5.** Abraham het gesukkel om homself as ’n kinderlose man te vind in ’n tyd waar jou kinders jou lewensversekering was. Dit het hom nie net van sy sosiale gemeenskap, sy eie gesin, vervreem nie, maar ook van sy eie finansiële toekoms.

In hierdie kinderloosheid het hy homself en sy toekoms probeer vind in sy broerskind Lot, en in sy slavin Hagar.

**6.** Maar terwyl Abraham homself in hierdie verhoudings met die mense om hom en in sy werk as nomadiese boer probeer vind en definieer het, was God elke dag besig om Abraham iets anders te laat wees in Sy trou as God teenoor Abraham.

Gemeet aan menslike oordele, was hy maar ’n swerwer wat noodgedwonge en afhanklik van mense se vriendelikheid en die weersomstandighede, moes rondswerf van put na put in ’n dorre semi-woestyn.

Maar God was met iets totaal anders besig as wat óf Abraham óf sy omstanders gesien, gedink, gevoel of geglo het.

Elke put, elke oorblyplek, elke menslike kontak en drama, het ’n baken geword in die gemoed van die Israeliete as die land waarheen hulle uit Egipte kon terugtrek.

God het met Abraham se lewe die beloofde land aan sy nageslag gekarteer. Sy lewe en rondtrek het die simbole en tekens geword van die land waarheen hulle sou terugkom as hulle beloofde land.

God was besig om Abraham as landmeter vir die blyplek van Sy volk te gebruik en om deur Abraham die landopmeting te doen vir die blyplek wat Hy as Here aan Abraham se nageslag beloof het.

**7.** So wie is Abraham?

Die doellose swerwer wie hy in verhouding tot die mense om hom was, die nomadeboer wat as vreemdeling rondswerf,

of

die vader van die volk van die Here en daarom die vader van gelowiges, van die ganse Christelike Kerk vandag oor die hele wêreld?

In sy eie lewe het Abraham niks meer van homself as swerwer en vreemdeling kon raaksien nie.

In sy eie lewe en leeftyd het hy nie hierdie belofte van God gesien nie, nie gevoel nie en kon hy dit ook nie vir homself indink nie. Hy het dit baie kere ook nie geglo nie.

Maar om hom as doellose swerwer en vreemdeling te sien, was net nooit waar nie. In God se raadsplan en heilsplan was hy die vader van alle gelowiges, en sy swerwersbestaan die geskiedkundige afbakening van die beloofde land vir sy nageslag, en daardeur die begin van die kerk van die Here oor die hele aarde.

In God se raadsplan en heilsplan was, en sal Abraham altyd wees, wie God hom voor bestem en gebruik het.

Dit is God se verbond. Dit is God se trou om ons te laat wees wie en waarvoor Hy as God ons bestem en voor gemaak het. Daarom is dit God se verbondstrou, oor duisende geslagte volgens die Psalm, wat bepaal wie en wat ons as mense is.

En wie en wat ons binne God se verbondstrou is, is altyd meer en anders as die mens wie ons onsself vind in en om die verhoudings en werk waarin ons leef.

**8.** Daarom loof die Psalmskrywer God vir Sy magtige reddingsdade!

Die dade van God waarin en waardeur Hy as God ons maak en laat wees waarvoor Hy ons bestem en gebruik, is die dade van God waarin en waardeur God ons red

- van wie ons onsself wil laat wees;
- van wie ander mense ons wil laat wees;
- van hoe ons oor onsself dink, oordeel, voel en glo,
- of ander van ons dink, oordeel, voel en glo.

Die dade waarin God ons laat wees wie Hy onderneem het om ons te laat wees – is altyd die magtige dade wat ons méér maak en méér laat wees as wat ons onsself in ons eie gedagtes, gevoelens en geloof laat wees.

Ons is wie God ons laat wees, nie wie ons van onsself dink of voel, of wat ander van ons dink of voel nie.

**9.** Dit is ook vir Dr. André waar.

Is hy die mens soos hy oor homself gevoel, gedink en geglo het, homself in ander en sy werk probeer vind het,

of

is hy die mens wat God hom laat wees het, meer en anders as wie hyself gevoel, raakgesien en in geglo het?

Ook in sy laaste oomblik.

Hierdie magtige daad van God word Sy verbondstrou genoem. Die dade wat God doen omdat Hy God is. Nie omdat ons iets reg of verkeerds doen nie. Ongeag ons reg en verkeerd doen, is God getrou in die wyse waarop Hy as God ons die mens laat wees wat Hy ons in Sy raads- en heilsplan laat wees.

Daarom is dit ook vir Dr. André waar: in God se verbondstrou, die manier waarop Hy God is, was en sal André altyd meer wees as wat hy van homself gevoel, gedink en geglo het.

Daarvan kan seker elke mens vandag hier getuig: hoeveel hy as dokter en as mens in die menslikheid wat hy saam met sy mediese behandeling gegee het, vir ons elkeen beteken het en gedoen het.

Hoeveel hy as eggenoot, pa en oupa beteken het deur dit wat God hom as mens laat wees het, is magtige dade van God wat vir geslagte lank in en deur sy kinders en kleinkinders sal voortgaan.

Daarom kan ons steeds bly dink aan die groot dade wat God ook deur hom gedoen het, en die Here dank vir wat Hy deur André gedoen het, en wie Hy Dr. André in die Soutpansberg laat wees het.

**10.** As u ooit gewonder het waar gelowiges die sekerheid oor ’n lewe na die dood vind, dan moet u dit hier vind: God se verbondsgetrouheid om vir my altyd God te wees!

Ons sekerheid oor ’n lewe wat anders en groter is as wat die dood vir ons wys – is gegrond in hierdie magtige dade waarin God ons altyd meer en anders laat wees as ons verhoudings en ons werke, ook ons godsdienstige werke!

Dit is die rou en krisis wat die dood binne ons verhoudings bring: ons kan niks meer van onsself of ander in die dood vind nie.

En daarom voel ons ook dat alles wat ons in mekaar was, nou vir ons binne onsself ook verlore is!

Die diepste wete van ons lewe in die dood en ná die dood, is dat God wat ons maak wat ons is, nie vir Hom as God verlore laat raak nie; nie in die lewe nie, nie in dood nie en nie ná die dood nie.

In en deur die magtige dade waarin God my laat wees waarvoor Hy my bestem, is en sal ek méér wees as wat ek in die dood van myself of my geliefdes of in my eie werke sien.

Dr. André is nie wie die dood van hom maak nie. Nog minder die manier waarop hy dood is. Hy is wat God van hom maak. Dit is hoe u as familie hom moet vind.

En dit vind ons nie in wat ons voel, dink en glo van hom nie, maar in die geloof in die magtige dade van God se verbondstrou.

**11.** Paulus se lofprysing van God in Efesiërs 1 sluit inhoudelik direk aan by Ps.105: Hy prys God vir die wonderlike genade in Jesus Christus en beskyf hierdie genade in vers 14 as die gawe van die Heilige Gees, wat God se verbondsonderneming waar maak.

Ons belas onsself voortdurend met ons eie geestelikheid op só ’n wyse dat ons die geborgenheid waarvoor God in Ps.105 en Efe1 geprys word, nie meer kan raaksien nie.

Ons wil onsself geestelik vind in dit wat ons geestelik van onsself kan voel, van onsself kan sien, van onsself kan ervaar en glo.

Maar met hierdie geestelikheid kan ons nie meer in die geloof leef oor wie Christus ons laat wees nie.

Die Evangelie van Jesus Christus is nie iets anders as die verbondstrou van God nie: dit is die vervulling van die verbondstrou van God!

In die opstanding van Christus uit die dood is God getrou aan Homself om ons net meer en anders te laat wees as wat ons van onsself en ons geliefdes dink, voel en glo.

In en deur Sy opstanding maak die Here ons skuldloos vir ons sonde, heilig en regverdig vir God se liefde, en neem Hy alle smet en skande van ons sonde weg: soos Paulus dit in Kolossense 1 beskryf: *“22Maar nou het Hy ook julle met Homself versoen deurdat sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom te stel.”*

Christus laat ons as sondaars vir God se liefde heilig wees. Wie van ons kan dit werklik van onsself sien, voel en glo? Ons is in Christus altyd heilig vir God se liefde.

Christus laat ons as sondaars mét ons sondes altyd vir God sonder smet wees. Wie van ons kan hierdie eie smetloosheid vir God in onsself vind, voel of glo?

Christus laat ons mét al ons oortredings vir God onberispelik wees. Wie van ons kan ooit ons onberispelikheid vir God in ons eie gewete en lewe voel of indink?

Dit is die wonder van die magtige dade van God se verbondstrou: ons het ’n identiteit wat groter is as ons eie aanvoeling: dit wat God my laat wees. Daarom kan ek myself net vind in die magsdade van God se getrouheid, nie in my eie gevoelens, idees of geestelike ervarings nie.

**12.** Daarom moet ons ook met die dood van Dr André ons toevlug neem tot die verbondstrou van God, waarin Hy getrou is aan Homself om ons altyd meer en anders te laat wees as wat ons van onsself sien en glo, en wat ons met onsself maak.

Daarom roep die Psalmskrywer ons tot hierdie geloofsdaad op: *“4Soek hulp en beskerming by die Here, soek gedurig sy teenwoordigheid.”*

Wie hierdie vers as verwyt aan Dr. André sou wou rig, as sou hy dit tog maar net gedoen het, misken God in hierdie vers self.

Was God vir hom ’n hulp en beskerming as teenwoordige God?

Met ons ingesteldheid om onsself en ander te vind in ons eie gevoelens, opvattings en ervarings van mekaar, moet ons: “Nee” sê en dit as verwyt teen hom en God hou, of as selfbeskuldiging in ons eie gemoed ronddra.

God is nie teenwoordig, ons Hulp of Beskerming wanneer óns toevlug tot Hom neem nie. Nog minder omdat ons Hom op die regte manier nader of aanroep.

God is teenwoordig, ons Hulp en Beskermer omdat Hy getrou is aan Homself as God. Dit is wie Hy is, en daarom mag ons ons toevlug in Hom neem.

Vir Dr. André was God teenwoordig, Helper en Beskermer omdat Hy André nooit sal laat wees hoe hy oor homself gevoel, gedink of geglo het nie. Hy sal hom ook nie laat wees wat hy aan homself gedóén het nie.

Voor, in, met en na sy doodsoomblik, was God die teenwoordige Here wat hom meer en anders laat wees as wat hy van homself voel, of met homself doen.

**13.** *“4Soek hulp en beskerming by die Here, soek gedurig sy teenwoordigheid.”*

Kom óns doen dit!

Kom ons vind Dr. André in die groot magsdade van God se trou: hy is en sal altyd wees wat God Hom laat wees. Dit is tog hoe hy mens, man, pa, oupa, dokter en vriend was.

Nie wat hy oor homself gevoel het, of met homself gedoen het nie – maar veel meer as dit: dit waarvoor God hom gemaak en laat wees het.

Kom ons vind Dr. André in die groot magsdade van God se getrouheid om God te wees: God laat ons vir Sy liefde in Christus heilig, sonder smet en onberispelik wees, anders as wat ons van onsself voel, ervaar, of met onsself doen.

En daarom kan nie een van ons, ook nie Dr. André nie, ons met enigiets wat ons van onsself voel of aan onsself doen, anders laat wees as wat God ons laat wees nie, ook nie in en deur 'n doodsoomblik nie.

In die doodsoomblik laat God ons nog steeds wees wat ons nie kan voel of ervaar nie: heilig, sonder smet en onberispelik vir God se liefde, in Christus.

**14.** *"[4]Soek hulp en beskerming by die Here, soek gedurig sy teenwoordigheid."*

Dan kan u as familie, en ons as vriende, ook van Dr. André afskeid neem. Kan ons rou in liefde en ons smart dra in die verlies van die samesyn wat vir ons so kosbaar was, en sal bly.

Ons hoef nie daar te gewees het nie. Ons is nie sy hulp en beskerming nie. God is.

Ons hoef nie sy eer te beskerm nie. God sal altyd die eer oor wie hy vír God en deur God se raad was, vir hom behoue laat bly – daardie getuienis leef in ons harte.

Kom ons rou oor Dr. André, vir wie God hom en ons in Christus laat wees – heilig, sonder smet en onberispelik, ten spyte van enigiets wat ons doen of dink.

Ons kannie onbevange rou in wat ons van mekaar voel, dink en ervaar nie. Binne God se hulp en beskerming kan ons onbevange hartseer wees en verlang na wat God ons in hom gegun het.

Kom ons eer God vir wie hy André laat wees het, en steeds vir Hom sal laat wees in Sy verbondstrou oor duisende geslagte. Want dit is en bly vir ons smetloos en onberispelik kosbaar.

Kom ons vind rus en roem in Sy Heilige Naam: *"[7]Hy, die Here, is ons God; sy reddingsdade strek oor die hele aarde. [8]Hy hou sy verbond altyd in stand, die belofte wat Hy aan duisende geslagte toegesê het, [9]die verbond wat Hy met Abraham gesluit het, sy eed aan Isak."*

Hy laat ons wees waarvoor Hy ons gemaak en bestem het –

in lewe én in sterwe.